Noble Private Portfolios
Independent Asset Managers

September 2018

Wêreldekonomie

Amptenare van die Federale Reserweraad het rentekoerse vir 'n derde keer vanjaar verhoog en hul vooruitsig van nog geleidelike stygings tot diep in 2019 opnuut bevestig. Groei en werkgeleenthede is "sterk" en inflasie bly naby die sentrale bank se teiken van 2%, het die Federale Opemark-komitee (VOMK) in sy verklaring gesê. Na agt stygings sedert laat in 2015 is die federale fondskoers nou op sy hoogste vlak sedert Oktober 2008. Twee derdes van sake-ekonome in die VS verwag 'n resessie teen die einde van 2020, terwyl baie respondente van mening is dat handelsbeleid die grootste risiko vir uitbreiding is, volgens 'n nuwe opname. VS-vertrouensaanwysers het meer onlangs verbeter nadat dit effens momentum in die tweede kwartaal van 2018 verloor het. Die vlak van sake- en verbruikersvertroue argumenteer ten gunste van voortgesette sterk groei. Die Japannese mark presteer nou beter, met die Nikkei-indeks wat 'n 27-jaar-hoogtepunt bereik het, hoewel die swakker jen help. Die MSCI Europa-indeks het in die derde kwartaal 'n positiewe opbrengs in dollars van +2,3%, maar is steeds negatief in 2018 met -1,9%. Brent-ruolie het met meer as 20 persent gestyg van sy onlangse laagtepunt in Augustus en verhandel tans teen $85 'n vat.

SA Ekonomie

Indiensneming in Suid-Afrika se nielandbou- formele sektor het met 69 000 tussen Maart en Junie 2018 gedaal, het Statestiek SA aangekondig. Suid-Afrika se handelsbalans het tot 'n surplus van R8,79 miljard ($619 miljoen) in Augustus van 'n hersiene tekort van R5,29 miljard in Julie geswaai, volgens data van die inkomste-agentskap. Die Absa Koopbestuurdersindeks (KBI) het in September feitlik onveranderd gebly op 'n swak vlak van 43,2 punte. Die prys van loodvrye 93-oktaanpetrol sal met 99c styg, loodvrye 95-oktaanpetrol met R1 en diesel met R1.24. Paraffien sal 'n bykomende R1.04 kos en vloeibare petroleumgas (LPG) R1.79, het die Sentrale Energiefonds aangekondig. Die Suid-Afrikaanse nuwevoertuigmark het in September met 1,9% gedaal, vergeleke met dieselfde maand verlede jaar. Uitvoerverkope het 'n nuwe rekord in September bereik deur met 1,2% te styg. Die rand het in die derde kwartaal -2,2% teenoor die dollar verloor en is nou in 2018 -14,3% teenoor die dollar, -10,6% teenoor die euro en -10,4% teenoor die pond.

Tendense en geleenthede

- BBP-groei van 3% word vir vanjaar en volgende jaar in die VS voorspel.
- Die FED sal na verwagting rentekoerse geleidelik tot diep in 2019 verhoog.
- Brent-ruolie sal na verwagting in die nabye toekoms aanhou styg.

*"If a window of opportunity appears, don't pull down the shade"– **Thomas Peters***

RvD de Kock **PJ de Jongh**